# KLEUTERLAND

**Klein mensies, Groot drome**

‘n Hartlike welkom aan alle Kleuterland ouers en leerders. Kleuterland is ‘n enkelmedium Afrikaanse skool wat die gemeenskap waarbinne die skool geleë is, bedien.

Dit is vir ons ‘n groot voorreg om saam met u deel te wees van die opvoedingsproses van u kind. Kleuterland strewe daarna om in álles wat ons doen ons Heer se hand te vat.

Aangeheg is ‘n baie belangrike inligtingstuk ten opsigte van ons skool.
Ons sal dit opreg waardeer as u hierdie stuk deeglik deurlees. Teken asseblief aanhegsel A en besorg dit terug aan ons sodat ons kan weet u is ten volle bewus van ons reëls.

Kleuterland Groete

*“Waar plant ons die kosbare saadjie Heer, om wasdom en oorvloed van vrugte te vind?”*
*Die Meester sê sag met ‘n glimlag teer:*
*“Gaan plant dit vir My in die hart van ‘n kind.”*

**Klasinligting en Reëlings**

**Graad R (Blou + Groenklas)** – Hierdie kleuters gaan in 2027 Graad 1 toe – dit is dus die Graad R klas. Ouers word vriendelik versoek om hul kind elke dag Kleuterland toe te stuur. Hierdie leerders volg die KABV-program wat deur die WKOD voorgeskryf word.

**Klastyd:**

**Maandae tot Donderdae: 07:30 – 12:45**

**Vrydae: 07:30 – 12:00**

Klasonderwyseres: Sarlien Terblanche Sel: 083 534 0601 (Blouklas)
Melody Bonthuys Sel: 076 034 2805 (Groenklas)

**Rooiklas** – Hierdie kleuters word 5 in 2026. Klasse word aangebied vanaf Maandag tot Vrydag. 'n KABV-Program wat spesiaal by hierdie ouderdomsgroep se ontwikkeling pas, word gevolg. **Hier is geen 2 of 3 dag opsie nie.**

**Klastyd:**

**Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 12:00**

Klasonderwyseres: Naomi le Roux Sel: 072 115 3127

**Geelklas** – Hierdie kleuters word 4 in 2026, **en moet reeds "potjie gereed" wees**. Klasse word aangebied vanaf Maandag tot Vrydag. 'n Program wat by hierdie ouderdomsgroep se ontwikkeling pas, word gevolg.

**Klastyd:**

**Maandae tot Vrydae: 08:30 tot 12:00**

Klasonderwyseres: Louise Mans Sel: 072 590 3331

**Skoolfonds**

Kleuterland is as 'n onafhanklike skool geregistreer.

Skoolfonds is **verpligtend en VOORUITBETAALBAAR**.

***Indien skoolfonds 60 dae agterstallig is, kan u kind sy/haar plek in die skool verbeur.***

Skoolfonds is betaalbaar vir slegs10 maande – u kry u eerste rekening op **25 Januarie (vir Februarie)**.

Skoolfonds vir Graad R is R1 830

Skoolfonds vir die Rooiklas is R1 610

Skoolfonds vir die Geelklas is R1 370(5 dae) en R1 100(3 dae).

**Betalings**

***Hiermee word 'n vriendelike versoek gerig dat u asseblief u kind se skoolfonds deur middel van elektroniese oorbetalings sal vereffen.***

Gebruik asb u **Rek nr by Kleuterland soos op u faktuur aangedui & Van** as verwysing op u inbetaalstrokie. Hierdie is baie belangrik; sodoende vermy ons dat betalings verkeerd geallokeer word.

**BANKBESONDERHEDE:** Kleuterland
Standard Bank
Clanwilliam
Takkode: 050106
Tjek rekening nr: 082 177 724

Indien u nie toegang het tot elektroniese oorbetalingsfasiliteite nie, rig ons 'n vriendelike versoek dat u **asseblief nie kontantdeposito's by die bank inbetaal nie**. Indien u die skoolfonds kontant wil betaal, moet dit asseblief aan u juffrou oorhandig word in 'n koevert met u kind se naam en rekeningnommer voor op of u kan met u kaart in die kantoor kom betaal (Ma-Vr van 7:30 tot 8:30 of 12:45 tot 14:00).

**Nuwe Inskrywings**

'n Eenmalige, nie-terugbetaalbare inskrywingsfooi van R230 is betaalbaar vir **ALLE NUWE** inskrywings. Hierdie fooi word betaal saam met u eerste rekening wat u Januarie 2026 ontvang.

**Voorsorg**

Kleuterland beskik oor 'n "voorsorg" fasiliteit vanaf 07:15 – 07:30. Tarief is R20 per kind per oggend met 'n maksimum van R200 per kind per maand. Die kleuters speel onder toesig van die klashulpe in die Geelklas.

**Nasorg**

Kleuterland beskik oor 'n "nasorg" fasiliteit vanaf 12:00 – 12:45 middae. Dis slegs vir Geelklas/Rooiklas maatjies wat boeties/sussies in die Blou-/Groenklas het. Tarief is R25 per kind per middag met 'n maksimum van R200 per kind per maand. Die kleuters speel onder toesig van Mev Louise Mans en Me Joane Pedro.

**SKRYFBEHOEFTES**

Die regte en beste skryfbehoeftes word vir u kind aangekoop én gemerk. Hierdie skryfbehoeftes bly u kind se eiendom en kan saam met hom/haar die einde van die jaar huis toe gaan. Die koste hieraan verbonde is R370 per kind en is ook betaalbaar saam met die eerste maand se skoolgeld. (Die pakket sluit ondermeer waterverf, kryte, Pritt, 'n skêr, potlode en pastelle in). Die pakkette word volgens die klas se behoeftes bepaal en elke kind in die klas kry dieselfde pakket.

**Godsdiensonderrig**

By Kleuterland word waardes en beginsels gebaseer op die Christelike godsdiens daagliks aan die leerders geleer.

**Op-en aflaai van Leerlinge**

**Aflaai:** Vanaf 7:30 tot 08:30 word maatjies met die "aflaai en ry" stelsel afgelaai. U kind sal deur 'n onderwyseres of assistent ontvang word by die klas. **WEES ASB. STIPTELIK**
**Oplaai:** Die maatjies word met die "oplaai en ry" stelsel opgelaai. U kind sal deur 'n onderwyseres of assistent aan u oorhandig word by u voertuig. **WEES ASB. STIPTELIK**

**Siektes en Ongesteldhede**

**Geen** kinders met 'n **aansteeklike siekte** onder lede **mag skool bywoon nie**. Indien u kind spesifieke medisyne moet kry, moet u dit skriftelik aan die klasopvoeder deurgee – geen medisyne mag aan die kleuters gegee word sonder u toestemming nie.

**Afsprake met onderwyseresse**

U is welkom om met u kind se opvoeder te kom gesels. Hierdie gesprekke moet asseblief tussen 12:00 en 14:00 geskied. Ons onderrigtyd is vir ons belangrik en ons wil dit so min as moontlik onderbreek. U kan u kind se opvoeder ook telefonies kontak tussen 12:00 en 16:00.

**Kleredrag**

Kleuters moet ou klere skool toe aantrek. **Op warm dae moet kleuters asseblief plakkies aantrek, aangesien die pad parkie toe baie warm raak.**
**Vrydae** moet die maats hulle Kleuterland klere dra.

**Kospakkies**

Pak asseblief gesonde kospakkies in vir u kind – ons kinders se gesondheid is vir ons baie belangrik. ***Die soetgoed moet net tot Vrydae beperk word*** en **geen gaskoeldrank** word toegelaat nie. Stuur asb genoeg **gevriesde water** in die somer saam.
Aanbevole versnaperinge is broodjies, jogurt, vrugte en sap en/of water.

**Speelgoed**

**GEEN** persoonlike speelgoed mag skool toe gebring word nie – dit veroorsaak gróót onenigheid en trane. Dit geld vanaf die Geelklas regdeur tot by die Blouklas.

**Verjaarsdae**

Geen formele verjaarsdagpartytjies word tydens skoolure toegelaat nie. U mag wel eetgoed skool toe bring. Reël net eers asb vooraf met u kind se onderwyseres.

**Uitstappies**

Die skool reël soms uitstappies vir die kinders. Ingeskrewe Kleuterlandkinders is welkom om die uitstappies by te woon. Ingesluit by die inskrywingsvor is die nodige vrywaringsvorm wat u asb moet voltooi.

**Bakkersdag**

Kleuterland hou een maal per kwartaal Bakkersdag. Dit geskied in klasverband en elke klas is verantwoordelik vir een Bakkersdag per jaar. U kind sal dus slegs een maal per jaar die geleentheid kry om hul items wat hy/sy en sy/haar mamma/pappa/ouma gemaak het, te kom verkoop. Verdere reëlings oor die Bakkersdae sal aan die begin van 2026 deurgegee word.

**Elke Woensdag is "Kleuredag"**

Elke Woensdag trek ons maatjies volgens die kleur van die week aan soos dit op die jaarkalender aangedui word.

**Ouers se betrokkenheid**

Die skool het 'n bestuursraad wat uit genomineerde ouers bestaan wat help met die bestuur van die skool. Die bestuur bestaan uit 7 ouers en die 4 onderwyseresse. Ons skool se bestaan hang af van noodsaaklike fondsinsamelings – dit verseker dat ons u kind net die beste onderrig kan gee. Alle projekte (fondsinsamelings of verbeterings aan skool en klassies) is deel van die bestuur se pligte, maar soms raak dit baie werk en sal ons deur die loop van die skooljaar op alle ouers moet staatmaak. Ons sal dit dus baie waardeer as u dit sal sien as 'n bydrae tot u kind se onderrig indien u genader word om hulp.

Ons is trots op en baie opgewonde oor al die werksaamhede van ons skool. Ons glo dat u kind sy/haar tyd in Kleuterland sal geniet.

Dankie dat ons op u betrokkenheid kan staatmaak – saam maak ons Kleuterland DIE BESTE IN DIE WESTE!

Kontak ons gerus as u nog verdere vrae het.

Kleuterlandgroete

**Aanhangsel A**

**Klasinligting en Reëlings**

**Graad R (Blou + Groenklas)** – Hierdie kleuters gaan in 2027 Graad 1 toe – dit is dus die Graad R klas. Ouers word vriendelik versoek om hul kind elke dag Kleuterland toe te stuur. Hierdie leerders volg die KABV-program wat deur die WKOD voorgeskryf word.

**Klastyd:**

**Maandae tot Donderdae: 07:30 – 12:45**

**Vrydae: 07:30 – 12:00**

Klasonderwyseres: Sarlien Terblanche Sel: 083 534 0601 (Blouklas)
Melody Bonthuys Sel: 076 034 2805 (Groenklas)

**Rooiklas** – Hierdie kleuters word 5 in 2026. Klasse word aangebied vanaf Maandag tot Vrydag. 'n KABV-Program wat spesiaal by hierdie ouderdomsgroep se ontwikkeling pas, word gevolg. **Hier is geen 2 of 3 dag opsie nie.**

**Klastyd:**

**Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 12:00**

Klasonderwyseres: Naomi le Roux Sel: 072 115 3127

**Geelklas** – Hierdie kleuters word 4 in 2026, **en moet reeds "potjie gereed" wees**. Klasse word aangebied vanaf Maandag tot Vrydag. 'n Program wat by hierdie ouderdomsgroep se ontwikkeling pas, word gevolg.

**Klastyd:**

**Maandae tot Vrydae: 08:30 tot 12:00**

Klasonderwyseres: Louise Mans Sel: 072 590 3331

**Skoolfonds**

Kleuterland is as 'n onafhanklike skool geregistreer.
Skoolfonds is **verpligtend en VOORUITBETAALBAAR**.
***Indien skoolfonds 60 dae agterstallig is, kan u kind sy/haar plek in die skool verbeur.***
Skoolfonds is betaalbaar vir slegs 10 maande – einde Januarie kry u die eerste rekening.

Parafeer

**Betalings**

Hiermee word 'n vriendelike versoek gerig dat u asseblief u kind se skoolfonds deur middel van elektroniese oorbetalings sal vereffen.
Gebruik asb u **Rek nr by Kleuterland soos op u faktuur aangedui & Van** as verwysing op u inbetaalstrokie.
Hierdie is baie belangrik, sodoende vermy ons dat betalings verkeerd geallokeer word.

**BANKBESONDERHEDE:** Standard Bank
Clanwilliam
Takkode: 050106
Tjek rekening nr: 082 177 724

Parafeer

Indien u nie toegang het tot elektroniese oorbetalingsfasiliteite nie, rig ons 'n vriendelike versoek dat u **asseblief nie kontantdeposito's by die bank inbetaal nie**. Indien u die skoolfonds kontant wil betaal, moet dit asseblief aan u juffrou oorhandig word in 'n koevert met u kind se naam en rekeningnommer voor op of u kan met u kaart in die kantoor kom betaal (Ma-Vr van 7:30 tot 8:30 of 12:45 tot 14:00).

**Betalings opsies**

| Maandeliks oor 10 mnde | Elke 5 mnde (50% - 50%) | Kwartaaliks | Eenmalig volle bedrag |
|---|---|---|---|
| | | | |

**Nuwe Inskrywings**

‘n Eenmalige, nie-terugbetaalbare inskrywingsfooi van R200 is betaalbaar vir **ALLE NUWE** inskrywings. Hierdie fooi word betaal saam met u eerste rekening wat u Januarie 2026 ontvang.

**Voorsorg**

Kleuterland beskik oor ‘n “voorsorg” fasiliteit vanaf 07:15 – 07:30. Tarief is R20 per kind per oggend met 'n maksimum van R200 per kind per maand. Die kleuters speel onder toesig van die klashulpe in die Geelklas.

**Nasorg**

Kleuterland beskik oor ‘n “nasorg” fasiliteit vanaf 12:00 – 12:45 middae. Dis slegs vir Geelklas/Rooiklas maatjies wat boeties/sussies in die Blou-/Groenklas het. Tarief is R25 per kind per middag met 'n maksimum van R200 per kind per maand. Die kleuters speel onder toesig van Mev Louise Mans en Me Joane Pedro.

**SKRYFBEHOEFTES**

Die regte en beste skryfbehoeftes word vir u kind aangekoop én gemerk. Hierdie skryfbehoeftes bly u kind se eiendom en kan saam met hom/haar die einde van die jaar huis toe gaan. Die koste hieraan verbonde is R370 per kind en is ook betaalbaar saam met die eerste maand se skoolgeld. (Die pakket sluit ondermeer waterverf, kryte, Pritt, ‘n skêr, potlode en pastelle in). Die pakkette word volgens die klas se behoeftes bepaal en elke kind in die klas kry dieselfde pakket.

**Godsdiensonderrig**

By Kleuterland word waardes en beginsels gebaseer op die Christelike godsdiens daagliks aan die leerders geleer.

**Op-en aflaai van Leerlinge**

**Aflaai:** Vanaf 7:30 tot 08:30 word maatjies met die “aflaai en ry” stelsel afgelaai. U kind sal deur ‘n onderwyseres of assistent ontvang word by die klas. **WEES ASB. STIPTELIK**
**Oplaai:** Die maatjies word met die “oplaai en ry” stelsel opgelaai. U kind sal deur ‘n onderwyseres of assistent aan u oorhandig word by u voertuig. **WEES ASB. STIPTELIK**

**Siektes en Ongesteldhede**

**Geen** kinders met ‘n **aansteeklike siekte** onder lede **mag skool bywoon nie**. Indien u kind spesifieke medisyne moet kry, moet u dit skriftelik aan die klasopvoeder deurgee – geen medisyne mag aan die kleuters gegee word sonder u toestemming nie.

**Afsprake met onderwyseresse**

U is welkom om met u kind se opvoeder te kom gesels. Hierdie gesprekke moet asseblief tussen 12:00 en 14:00 geskied. Ons onderrigtyd is vir ons belangrik en ons wil dit so min as moontlik onderbreek. U kan ook u kind se opvoeder telefonies kontak tussen 12:00 en 16:00.

**Kleredrag**

Kleuters moet ou klere skool toe aantrek. **Op warm dae moet kleuters asseblief plakkies aantrek, aangesien die pad parkie toe baie warm raak.**
**Vrydae** moet die maats hulle Kleuterland klere dra.

**Kospakkies**

Pak asseblief gesonde kospakkies in vir u kind – ons kinders se gesondheid is vir ons baie belangrik. ***Die soetgoed moet net tot Vrydae beperk word*** en **geen gaskoeldrank** word toegelaat nie. Stuur asb genoeg **gevriesde water** in die somer saam.
Aanbevole versnaperinge is broodjies, jogurt, vrugte en sap en/of water.

**Speelgoed**

**GEEN** persoonlike speelgoed mag skool toe gebring word nie – dit veroorsaak gróót onenigheid en trane. Dit geld vanaf die Geelklas regdeur tot by die Blouklas.

**Verjaarsdae**

Geen formele verjaarsdagpartytjies word tydens skoolure toegelaat nie. U mag wel eetgoed skool toe bring. Reël net eers asb vooraf met u kind se onderwyseres.

**Uitstappies**

Die skool reël soms uitstappies vir die kinders. Ingeskrewe Kleuterlandkinders is welkom om die uitstappies by te woon. Ingesluit by die inskrywingsvor is die nodige vrywaringsvorm wat u asb moet voltooi.

**Bakkersdag**

Kleuterland hou een maal per kwartaal Bakkersdag. Dit geskied in klasverband en elke klas is verantwoordelik vir een Bakkersdag per jaar. U kind sal dus slegs een maal per jaar die geleentheid kry om hul items wat hy/sy en sy/haar mamma/pappa/ouma gemaak het, te kom verkoop. Verdere reëlings oor die Bakkersdae sal aan die begin van 2026 deurgegee word.

**Elke Woensdag is "Kleuredag"**

Elke Woensdag trek ons maatjies volgens die kleur van die week aan soos dit op die jaarkalender aangedui word.

**Ouers se betrokkenheid**

Die skool het 'n bestuursraad wat uit genomineerde ouers bestaan wat help met die bestuur van die skool. Die bestuur bestaan uit 7 ouers en die 4 onderwyseresse. Ons skool se bestaan hang af van noodsaaklike fondsinsamelings – dit verseker dat ons u kind net die beste onderrig kan gee. Alle projekte (fondsinsamelings of verbeterings aan skool en klassies) is deel van die bestuur se pligte, maar soms raak dit baie werk en sal ons deur die loop van die skooljaar op alle ouers moet staatmaak. Ons sal dit dus baie waardeer as u dit sal sien as 'n bydrae tot u kind se onderrig indien u genader word om hulp.

Ons is trots op en baie opgewonde oor al die werksaamhede van ons skool. Ons glo dat u kind sy/haar tyd in Kleuterland sal geniet.

Dankie dat ons op u betrokkenheid kan staatmaak – saam maak ons Kleuterland DIE BESTE IN DIE WESTE!

Kontak ons gerus as u nog verdere vrae het.

Kleuterlandgroete

Hiermee onderneem ek …………………………………………………………… (ouer/voog)

van …………………………………………………………… om die gegewe vereistes soos hier bo uiteengesit

na te kom en getrou skoolfonds te betaal.

……………………………………………… ………………………………………..

Ouer/Voog se handtekening Datum